



Teken in en ontvang elke week 'n gratis **Lekkerbekkie Nuusbrief**: lekkerbekkie@annaemm.co.za

'n Baie sterk goggatjie deur Anna Emm

Daar was eenmaal 'n sterk, klein goggatjie. Hy was só sterk, dat hy op 'n dag per ongeluk die boom waarin al die goggatjies woon sommer omgestamp het toe hy daarteen druk!

"Agge nee!" roep die ander goggatjies vies. "Kyk nou wat doen jy! Jy moet liever weggaan voor jy alles breek. Ons het jou nie nodig nie."

Hartseer vlieg die goggatjie toe maar weg, die bos in. 'n Entjie met die bospaadjie langs kom hy op 'n nare ding af. 'n Jakkals het twee klein hasies onder 'n bossie ingejaag, en nou sit hy en wag dat hulle uitkom sodat hy hulle kan opvreet!

"Help ons!" roep die hasies toe hulle die goggatjie sien. Die goggatjie laat nie op hom wag nie. Hy gryp die jakkals aan die stert en gooi hom deur die lug dat hy dáár trek! Die jakkals het só groot geskrik vir die sterk goggatjie, dat hy weghardloop en nooit weer terugkom nie.

"Baie dankie!" roep die hasies. "Jy is darem wonderlik sterk!" En om vir die goggatjie dankie te sê, gee die hasies vir hom 'n pragtige, pers mantel wat hy sommer dadelik aantrek.

Die goggatjie groet die hasies en val weer in die pad, maar om die volgende draai sien hy weer 'n vreeslike ding! By die stroompie lê 'n groot, vet krokodil. Hy klap-klap met sy skerp tande en gryp na die vissies wat in die stroompie swem.

"Help ons!" roep die vissies toe hulle die goggatjie sien. Die goggatjie maak so gou hy kan, en hy druk die krokodil se bek styf toe! Die krokodil skrik so groot vir die sterk goggatjie dat hy haastig met die paadjie langs wegdraf en nooit weer terugkom nie.

"Baie dankie!" roep die vissies. "Jy is darem vreeslik sterk!" En om vir die goggatjie dankie te sê, gee die vissies vir hom 'n pragtige, blink kroontjie wat hy op sy koppie sit.

Die goggatjie groet die vissies en val weer in die pad. Maar hy verlang baie na sy gogga-maatjies, en besluit om te gaan loer hoe dit met hulle gaan. Hy kry hulle almal daar by die boom wat omgeval het. Hulle probeer almal saam om die boom weer regop te tel, maar hulle is nie sterk genoeg nie. Soos blits skiet die sterk goggatjie vorentoe en lig die boom weer op sy plek. Hy grawe dit diep in die grond in.


Toe die ander goggatjies sien hoe deffig die sterk goggatjie in sy nuwe pers mantel en blink kroontjie lyk, besluit hulle dat dit baie handig kan wees om so 'n sterk goggatjie naby te hê.

"Ons dink jy moet ons koning word!" roep al die goggatjies bly. "Jy is net wat ons nodig het." En van daardie dag af het hulle nooit weer probleme gehad het jakkalse of krokodille of bome wat omval nie.

Vir meer van Anna Emm se kinderstories besoek www.AnnaEmm.co.za

Gratis inkleurprentjie:

'n Baie sterk goggatjie illustrasie deur Anna Emm



Vir meer van Anna Emm se kinderstories besoek www.AnnaEmm.co.za